# BOEKE:

*Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap, no. III. Resolusies van die Politieke Raad, deel III, 1681—1707.* Uitgegee deur die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Hoofargivaris. Kaapstad 1961.

Met haar kenmerkende deeglikheid het dr. A. Boëseken ook hierdie derde deel van *Suid-Afrikaanse Argiefstukke* (Kaap) besorg, waardeur die resolusies van die Kaapse Politieke Raad nou vanaf 1651 tot 1707 volledig gepubliseer is. Benewens die publikasie van die resolusies self wat van kostelike aantekeninge voorsien is, is die werk ook voorsien van 'n goeie opsomming van die resolusies sodat die leser in 'n ommesientjie kan vasstel waaroor dit alles gaan, asook van 'n besonder deeglike inleiding, 'n verklarende lys van minder bekende en onbekende woorde wat in die teks gebruik word, en 'n uitgebreide register. Met hierdie uitgawe verdien dr. Boëseken die hartlike dank van almal asook volle waardering vir die besonder deeglike en presiese wyse waarop sy haar van haar taak gekwyt het. Hierdie werk neem beslis 'n ereplek onder die reeds verskene publikasies in.

Dis selfs nie eers naastenby moontlik om hier 'n opsomming van die inhoud van die werk te probeer gee nie, maar by die deurlees van die resolusies kom mens diep onder die indruk van die magdom van gegewens wat al die jare in die resolusieboeke van die Politieke Raad opgesluit gelê het en 'n geheim was vir almal, behalwe vir die enkele navorser wat by geleentheid insae daarin moes hê. Nou word dit ook vir die breë publiek beskikbaar gestel en kan mens kennis neem van belangrike besluite t.o.v.: die politieke, ekonomiese en algemeen maatskaplike lewe in hierdie belangrike fase van ontwikkeling in die geskiedenis van die Kaap; administratiewe en skeepvaartaangeleenthede, produksieposisie en -moontlikhede; inboorling-aangeleenthede en veeruilekspedisies; ens.

Die beskikbaarstelling van al hierdie gegewens ontlok onwillekeurig by mens die behoefte om vir die soveelste keer aan die Kantoor van die Hoofargivaris besondere waardering te betuig vir die hele reeks dokumente-publikasies wat in die afgelope aantal jare die lig gesien het. As daar klagte teen hierdie publikasies ingebring kan word, is daar vir my net een groot klagte en dit is dat die dokumente nie vinnig genoeg gepubliseer kan word nie. Vir die studie van ons vaderlandse geskiedenis is hierdie publikasies van die allergrootste belang.

P.U. vir C.H.O. — J. S. du Plessis.

N. P. van Wyk Louw: *Die held*. Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg, 1962. R1.00.

Dit val mens op hoedat Van Wyk Louw sekere temas wat vroeër in epiese, liriese, opstel- of semi-dramatiese vorm in sy werk voorgekom het, later nuwe lewe gee in dramatiese vorm. Die *Dagboek van 'n soldaat* vat temas wat versprei lê in vroeëre stukke opnuut saam tot 'n organiese eenheid in dramatiese vorm. Dit vind ook, hoewel minder fassinerend, plaas in *Die held*. Dit is 'n hoorspel van die heldedom, 'n saak wat die skrywer vantevore reeds besig gehou het. „Die heldedom, so lyk dit my, is, soos van die heiligheid gesê word: 'n vreemde ingewikkelde ding". Louis Girod, wat nie „van nature" 'n held is nie, wat 'n dief, leuenaar en sondige mens was, word totaal onbedoeld 'n held (die man wat na verwagting 'n held moes word, die boer Baudier, verdwyn in die agtergrond). Nie net die kwessie van die heldedom is by monde van een van die karakters soos hierby aangehaal 'n kompleksiteit nie — nee, die hele dramatiese gedagtegang (soos die handeling) is 'n kompleksiteit. Ek sou selfs nie kans sien om hierdie, nie omvangryke drama tot 'n enkelvoudige probleem terug te bring nie. Want saam met die kwessie van die heldedom is daar ook die saak wat in *Raka, Die dieper reg* of *Heerser en humanis* voorkom en wat eintlik 'n Bybelse gedagte is, naamlik dat daar geen groter liefde is nie as wanneer een man sy lewe gee vir 'n saak, of vrywillig sterf vir 'n saak waaraan hy nie aandadig is nie (in hierdie drama: reeds *omdat* hy nie daaraan aandadig was soos dit eintlik gehoort het nie), selfs sterf omdat hy weet hy behóórt te sterf maar nie weet presies waarvoor hy sterf nie. *Die held* raak die hele kwessie van die selfverkose dood (iets gans anders as die selfmoord natuurlik, waarvoor daar géén morele verdediging bestaan nie) op 'n heeltemal nuwe manier aan, anders as *Raka, Die dieper reg, Heerser en humanis* of *Germanicus*. Ander sake wat hierdeur aangeroer word, is die verskynsel van die dapperheid en vreesloosheid as sodanig, die enkeling se verhouding tot 'n bopersoonlike mense-eenheid soos die gesin of die volk. Dat 'n mens verbind is met 'n eenheid wat bo jouself uitgaan, kan eers deur 'n krisis aan jou geopenbaar word, soos in die hoorspel (as Girod gevang is, is hy alleen besorg oor sy vrou en kinders, nie oor homself nie). Ten slotte vertak uit hierdie hele problematiek nog die tema dat die held geen „ideale" gestalte of mens hoef te wees nie. „'n Dief kan ook goed wees", „Selfs 'n dief, ... 'n boek, ... (kan) *trou* wees aan ... aan *iets*", „Alles wat goed is, báát". 'n Swakkeling kan dapper word, nie meer oor homself besorg wees nie maar oor ander. 'n Slegte mens kan in 'n krisis-moment trots en eergevoel openbaar, triomfeer oor sy swakheid en slegtheid. Met ander woorde, dit gaan in die drama om die kompleksiteit van die mens as sodanig. Ook die kwessie van reg en geregtigheid kom in

*Die held* ter sprake, met die teenstelling tussen die Kolonel en die Kaptein, twee mense wat twee soorte soldaat verteenwoordig. Die soldaat is van sy vroeë digterskap af 'n belangrike gestalte in Van Wyk Louw se werk, wat in sy twee jongste werke, *Dagboek van 'n soldaat* en *Die held* weer sterk na vore kom.

Ons belangrikste hoorspeldigter vandag is Van Wyk Louw. Dit het begin by *Dias* en in 1961—'62 het kort na mekaar gekom *Dagboek van 'n soldaat* en *Die held.* Vir hierdie moderne genre het hy werklik 'n nuwe *vorm* gevind.

P.U. vir C.H.O. T. T. Cloete.